higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

OOPBOEKEKSAMEN

Twee woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en twee bykomende verwysings mag gebruik word

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 2 addenda van 4 bladsye.

022Q1B2208

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke AFDELING op 'n nuwe bladsy.
5. Laat 'n reël oop tussen elke VRAAG.
6. Gebruik die bylaes (ADDENDUM A en B) soos in die spesifieke vrae aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: EFFEKTIEWE STUDIE

Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Ek wil vanmiddag nog my taak klaar maak	A	sekuriteitsbehoefte
1.2	Die smaak van die hoesstroop is nie vir my lekker nie	B	sosiale behoeftes
1.3	Jy is deel van die kampuskoor	C	sensoriese geheue
1.4	'n Aktiwiteit wat jou aanmoedig om iets baie goed en deeglik te doen	D	motivering
1.5	Jy wil veilig voel as jy in 'n kuierplek op die kampus kuier	E	korttermyndoelwit
		F	langtermyndoelwit

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die verskil tussen *langtermyngeheue* en *korttermyngeheue,* en gee 'n voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

2.2 Lys die DRIE prosesse van geheue. (3)

2.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Waar jy in die klas sit kan bepaal of jy in die klas sal aandag gee. (1)

2.4 Daar is verskillende wenke wat jy kan volg om te verseker dat wanneer jy toets skryf, jy jou vraestelle korrek beantwoord en so goeie punte kan verseker.

Noem TWEE van hierdie wenke. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 15

AFDELING B: LUISTERVAARDIGHEDE

VRAAG 3

Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Jy probeer in die kafeteria studeer, maar die studente kyk sokker op die TV	A	interpersoonlike kommunikasie
3.2	Jy en jou vriendin gesels in 'n huurmotor	B	ekstrapersoonlike kommunikasie
3.3	Plakkate met die eksamenreëls wat oral op die kampus opgeplak is, is deel van hierdie tipe kommunikasie	C	fisiese hindernis
3.4	Jy groet jou dosent met die woord 'aweh'	D	massa kommunikasie
3.5	Jou hond hardloop jou tegemoet en jy groet hom deur sy naam te roep	E	perseptuele hindernis
		F	fisiologiese hindernis

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING B: [5]

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4

Jy is deel van die komitee wat besig is om 'n veldtog vir '*Veilig op ons Kampus'* te organiseer. Jy vra op 1 Februarie 2020 'n kwotasie vir T-hemde en die druk daarvan aan by *Vriendelike Drukkers*, 'n drukker wat nou al jare lank met die kampus besigheid doen en 'n goeie diens lewer.

Jy moet 'n kwotasie vir 750 sport T-hemde kry. Julle benodig rooi en blou hemde, en die logo van die kampus moet op die hemp borduur word. Jy vra dat hulle die kwotasie voor 3 Februarie aan jou stuur. Jy het ook die vrymoedigheid om vir afslag te vra. Stuur hierdie faks aan Victor van Wyk by *Vriendelike Drukkers*. Hulle faksnommer is 021 342 1009 en hul telefoonnommer is 021 342 8010.

Voltooi die vraag deur die faksdekblad op ADDENDUM A (aangeheg) te gebruik en volledig in te vul. Maak seker dat jy dit saam met jou vraestel inhandig. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D: LEES-EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VRAAG 5

Daar is verskeie situasies waar ons ons leesvaardighede benut. Kies die regte tipe leesvaardigheid uit KOLOM B om by die situasie in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (5.1–5.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Tydens pouse lees jy 'n liefdesverhaal	A	proeflees
5.2	Jy soek op die eksamenrooster vir wanneer jy Inleidende Kommunikasie skryf	B	lees vir plesier/ontspanning
		C	soeklees
5.3	Jy het vir jou dosent 'n opsomming oor luistervaardighede gemaak en jy lees dit deeglik deur om te voorkom dat daar onnodige spelfoute is		

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 6

Lees die ARTIKEL 'Wees veilig op en om die kampus' op ADDENDUM B (aangeheg). Beantwoord al die vrae wat volg.

6.1 Gee TWEE redes waarom 'n eerstejaarstudent uitsien na sy/haar studentelewe. (2)

6.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

Die artikel gebruik 'n kenner se woorde om te waarsku dat eerstejaarstudente veral aan die begin van die jaar prooi vir misdadigers is. (3)

6.3 By watter instansie moet jy 'n lys van erkende privaatverblyf gaan kry? (1)

6.4 Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat jy kan tref om te verseker dat jy nie deur straatrowers geteiken word nie. (2)

6.5 Watter universiteit gee vir studente veiligheidswenke op hul webtuiste? (1)

6.6 Hoe kan 'n student verseker dat sy selfoon in ’n noodgeval beskikbaar sal wees? (1)

6.7 Gee TWEE wenke om te verseker dat jou drankie by 'n kuierplek veilig is. (2)

6.8 Waar moet jy 'n persoon wat ’n vreemdeling is ontmoet as dit julle eerste afspraak is? (1)

6.9 Wat kan veroorsaak dat jy jou inhibisies verloor? (2)

6.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' en motiveer jou antwoord deur 'n aanhaling uit die teks te gee.

'Jy hoef nie 'n vriend/vriendin ingelig te hou tydens 'n eerste afspraak nie.' (3)

6.11 Noem TWEE elektroniese toestelle waaroor jy altyd 'n wakende oog in die biblioteek moet hou. (2)

6.12 Wie word deur die Universiteit van Pretoria opgelei om saans studente se veiligheid te verseker? (1)

6.13 Noem TWEE organisasies wat jou addisionele gemoedsrus kan bied. (2)

6.14 Noem watter van hierdie veiligheidswenke gaan jy volg en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E: REMEDIËRENDE AFRIKAANS

Lees weer die artikel '*Wees veilig op en om die kampus*' op ADDENDUM B (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae.

VRAAG 7: SINONIEME

Gee 'n woord met DIESELFDE (sinoniem) betekenis vir die volgende woorde wat in die artikel voorkom:

7.1 wenke

7.2 beskerm

7.3 waardevolle

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 8: ANTONIEME

Gee 'n TEENOORGESTELDE (antoniem) woord vir die volgende woorde wat in die artikel gebruik word:



8.1 onskuldige

8.2 private

8.3 goed

8.4 veilige

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 9: WOORDSOORTE

Kies 'n woordsoort uit KOLOM B wat by 'n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (9.1–9.6) in jou ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
9.1	onskuldige	A	voorsetsel
9.2	in	B	voornaamwoord
9.3	loop	C	lidwoord
9.4	jy	D	selfstandige naamwoord
9.5	selfoon	E	werkwoord
9.6	'n	F	byvoeglike naamwoord





(6 × 1) **[6]**

VRAAG 10: SAMESTELLING

Veiligheidswenke is 'n samestelling van die woorde 'veiligheid' en 'wenke'. Gee die samestelling van 'lewe' en 'moeg'. **[1]**



VRAAG 11: SEMANTIEK

Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *verhuringsagente* beteken. **[2]**

VRAAG 12: LEESTEKENS

Verduidelik die funksie van die volgende leestekens wat in die artikel gebruik word. ☆

12.1 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van die sin in paragraaf 2? Dit is die sin wat onderstreep is.

12.2 Beskryf die funksie van die uitroepteken (!) in die opskrif van die artikel:

Wees veilig op en om die kampus!

12.3 Plaas die TWEE ontbrekende leestekens in die volgende sin op die korrekte plek sodat die sin taalkundig korrek is. Skryf die sin volledig oor in die ANTWOORDBOEK en voeg die leestekens in. ☆

Dit is belangrik om verantwoordelikheid vir jouself jou persoonlike besittings en elektroniese uitrusting te neem. Dink jy nie ook so nie.

(3 × 2) **[6]**

VRAAG 13: MEERVOUDE

Gee die meervoudsvorm van die volgende woorde:

13.1 studentedroom (paragraaf 2)

13.2 universiteit (paragraaf 4) ☆

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 14: VERKLEINWOORDE

Gee die verkleiningsvorm van die volgende woorde:

14.1 student (paragraaf 4)

14.2 groepe (paragraaf 3)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 15

Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm: ☆

Studente kan hul studentelewe ten volle geniet. **[2]**

VRAAG 16

16.1 Lees die volgende paragraaf deeglik deur en kies die korrekte spelling van die woorde in hakies. Skryf slegs die vraagnommer (16.1.1–16.1.3) met die korrekte keuse neer. ☆

Die student was verskriklik ontsteld toe die straatrower sy selfoon (16.1.1 gryp/gruip). Hy besef hy het nie nou die nodige (16.1.2 fondse/vondse) om 'n nuwe selfoon te koop nie. Daar sal verseker berading vir hierdie student (16.1.3 gereel/gereël) moet word.

(3 × 1) (3)

16.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende idioom beteken:

Meng jou met die semels dan vreet die varke jou. ☆ (1)

[4]

TOTAAL AFDELING E: 32
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM A **VRAAG 4: FAKSDEKBLAD**

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

FAKSDEKBLAD

Vir aandag: _____

Firma:_____

Faksnommer_____

Telefoonnommer:_____

Van: _____

Faksnommer:_____

Telefoonnommer:_____

BOODSKAP:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Aantal bladsye (dekblad ingesluit) Datum: _____

Gestuur deur: _____

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B

WEES VEILIG OP EN OM DIE KAMPUS!

- Deur Melodie Veldhuizen -

As eerstejaarstudent sien jy uit na jou studentelewe. Onafhanklik en sonder jou ouers se beskerming. Jy raak geïrriteerd wanneer jy vir die soveelste keer gemaan word om asseblief tog versigtig te wees, want jy is mos nou mooi groot.

Kaptein Colette Weilbach, woordvoerder van die Brooklyn-polisiestasie, waarsku egter dat naïewe en onskuldige eerstejaarstudente veral aan die begin van die jaar prooi vir misdadigers is, omdat hulle hulself onbewustelik aan misdaad blootstel. Sy gee die volgende wenke om jouself en jou besittings te beskerm. Só voorkom jy dat jou studentedroom in 'n misdaad-nagmerrie ontaard. Hier is haar wenke:

- Moenie waardevolle items soos skootrekenaars, tablette, selfone en handsakke in jou motor los nie.
- Parkeer op 'n veilige plek op of naby die kampus, eerder as buite op die straat.
- Wees in jou pasoppens vir akkommodasie-bedrog. Indien jy van privaat verblyf gebruik maak, kry 'n lys van die universiteit/instansie se geakkrediteerde verhuringsagente en wees ekstra versigtig wanneer jy met privaat huiseienaars onderhandel.
- Straatrowers teiken studente wat te voet tussen hul blyplek, die kampus, kuierplekke of parkeerplekke beweeg. Stap saam in groepe en hou jou waardevolle besittings weggesteek en nie in sig nie.

Die **Universiteit van Pretoria** gee ook op hul webtuiste die volgende veiligheidswenke vir studente (van toepassing op alle studente, ongeag in watter stad en op watter kampus):

- **Kuierplekke weg van die kampus**

– Sê vir ten minste een vriend of vriendin waarheen jy gaan en hoe laat jy tuis sal wees.
– Indien jy na die kuierplek toe stap, loop in goed beligte, besige strate, en beweeg verkieslik in groepe.
– Verseker dat jou selfoon se battery gelaai is en dat jy genoeg lugtyd het.
– Let op die hoeveelheid en wat jy drink. Moenie drankies van 'n vreemdeling aanvaar nie en ook nie jou drankies sonder toesig laat nie.

Kopiereg voorbehou

- **Veilige afsprake**

– Indien dit jou eerste afspraak met die persoon is, ontmoet op 'n veilige openbare plek waar daar baie mense is.
– Indien moontlik, gebruik jou eie vervoer, openbare vervoer, of 'n geleentheid met 'n betroubare vriend(in).
– Let op wat en hoeveel jy daarvan drink, en tref voorsorg dat jou drankie nie gedokter word nie. Te veel alkohol of 'n gedokterde drankie kan daartoe lei dat jy jou inhibisies verloor.
– Maak seker dat 'n vriend(in) weet waarheen jy gaan en bly met hom/haar in kontak, hetsy per teksboodskap of 'n oproep.
– Vertrou jou instink. Indien jy ongemaklik voel, vra hoflik om verskoon te word en knip die kuiertjie kort. Maak seker jy word nie na jou blyplek of voertuig agtervolg nie.

- **Elektroniese toerusting**

– Hanteer jou skootrekenaar, tablet of selfoon asof dit kontant is, en hou altyd 'n wakende oog daaroor, selfs in die biblioteek of lesinglokaal.
– Sluit jou skootrekenaar met 'n veiligheidskabel.
– Gebruik eerder 'n ander drasak as 'n skootrekenaarsak of 'n tablet-omslag.
– Moenie elektroniese toerusting in jou voertuig los nie.
– Bêre jou wagwoorde op 'n ander plek as by jou skootrekenaar, tablet of selfoon.

- **Kitsbank-veiligheid**

Al die veiligheidsmaatreëls wat normaalweg van toepassing is wanneer jy 'n kitsbank gebruik, is hier van toepassing. Al is dit veiliger om op die kampus geld te trek, is dit noodsaaklik dat jy steeds alles moontlik doen om jouself en jou geld/bankkaarte te beveilig.

- **Veiligheid op die kampus**

Die Universiteit van Pretoria maak voorsiening daarvoor dat studente saans veilig op die kampus tussen lesinglokale, koshuise, hul voertuie, en enige ander nabygeleë punte deur sekuriteitspersoneel begelei word. Vind uit of die instansie waar jy studeer 'n soortgelyke diens bied, en maak daarvan gebruik.

- **Algemeen**

Vind uit wat die telefoonnommers van die kampus se Operasionele Bestuursentrum en Krisisdiens is en stoor dit op jou foon.

- Vir addisionele veiligheid en gemoedsrus, vra jou ouers om by **CrisisOnCall** aan te sluit.

Geniet die studentelewe, maar wees veilig.

[Verwerk uit: https://jeug.solidariteit.co.za/wees-veilig-op-en-om-die-kampus/]

Kopiereg voorbehou